higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OPENBARE GESONDHEID
NKR VLAK 2

8 Desember 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Welstand is die toestand van balans✓ tussen die fisieke,✓ emosionele,✓ spirituele✓ en sosiale wese.✓ (5)

1.1.2
A – Finansiële
B – Spirituele
C – Emosionele
D – Intellektuele
E – Fisieke (5)

1.1.3
- Om die beginsels van oefening, rus en slaap in te skerp
- Om ’n veilige omgewing, netheid en sanitasie te voorsien
- Om elke lid se selfbeeld te verbeter deur samesyn te bevorder om die lewe se uitdagings aan te durf
- Om sosiale integrasie, begrip en kameraadskap te bevorder
- Om gesinswaardes te bevorder
- Om mekaar in tye van konflik en moeilikheid te ondersteun
- Om rolle duidelik uiteen te sit (Enige 4 × 2) (8)

1.2 1.2.1 ’n Mens kan met cholera geïnfekteer word deur kos of water in te neem wat deur die bakterie *vibrio cholerae* gekontamineer is. (2)

1.2.2
- Deur gekontamineerde water te gebruik
- Deur skoon water in vuil houers te gooi
- Ontoereikende sanitasie
- Deur skoon water onbedek te laat
- Swak huishoudelike higiëne
- Swak persoonlike higiëne (Enige 5 × 1) (5)

1.2.3
- Krampe in arms en bene
- Droë, warm vel
- Slaperig
- Ongesteld
- Hoofpyne
- Duiselig
- Droë mond
- Donkergeel urine
- Braking
- Waterige diarree (Enige 5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 2

2.1 **Politieke omstandighede:**

- Beleide moet gevestig wees sodat gesondheidsorg kan werk.
- Befondsing is belangrik om hierdie beleide in werking te stel.
- Politieke omstandighede in verskillende gemeenskappe kan die manier beïnvloed waarop gesondheidsorg in hierdie gemeenskappe voorsien word.

Ekonomiese omstandighede:

- Befondsing is belangrik sodat fasiliteite suksesvol bedryf kan word.
- Dit beïnvloed die mate waarin gesondheidsorg voorsien word.
- Die ekonomiese status van ’n gemeenskap kan die tipe gesondheidsdiens bepaal wat dit ontvang.

Maatskaplike omstandighede:

- Strukturele en kulturele invloede van hul gemeenskap kan mense se gesondheid beïnvloed.
- Verskillende oortuigings en praktyke kan ook gesondheidstatus beïnvloed.
- Dieet, voedselhantering, higiëne en veiligheid beïnvloed regstreeks die gesondheidstatus van die gemeenskap.

Omgewingsomstandighede:

- Besoedeling beïnvloed gesondheid.
- Die fisiese omgewing beïnvloed gesondheid.
- Gevare in die omgewing kan lei tot toevallige besering soos om kaalvoet in ’n stukkende bottel te trap. (Enige 4 × 2) (8)

2.2 **Lae sosioëkonomiese faktore:**

- Behuising wat ontoereikende skuiling verskaf
- Oorbewoning wat tot die verspreiding van siektes soos cholera of tuberkulose bydra
- Behuising wat met afvalmateriale gebou is wat tot toevallige beserings lei, soos brandwonde en elektriese skokke
- Swak beboude gemeenskappe wat nie veilige plekke voorsien waar kinders kan speel nie
- Swak of geen dienslewering, soos afvalverwyderingsdienste, nie
- Arm gemeenskappe met beperkte toegang tot skoon water en behoorlike sanitasie
- Arm gemeenskappe wat dikwels naby nywerheidsgebiede (gebiede met erge besoedeling) of spoorweë (onveilig) woon.

Hoë sosioëkonomiese faktore:

Teenoorgestelde van lae sosioëkonomiese faktore (Enige 4 × 1) (4)

2.3 Gemeenskapswelstand verwys na die mate waarin die organisasie en struktuur van ’n gemeenskap gemeenskap, asook individuele lede, in staat stel om sy/hul volle potensiaal en ’n vervulde lewe te bereik. (3)

2.4 ’n Nie-infektiewe siekte verwys na ’n toestand wat nie deur ’n spesifieke organisme veroorsaak word nie en wat nie van een persoon na die volgende oorgedra kan word nie. (2)

2.5
- Biologiese faktore: ouderdom/genetika
- Gedragsfaktore: ongesonde lewenstyl wat tot nie-infektiewe siektes lei
- Samelewingsfaktore: verlamming weens misdaad/motorongeluk
- Strukturele faktore: armoede
- Omgewingsfaktore: werksbesering (5 × 2) (10)

2.6
- Primêre vlak
- Sekondêre vlak
- Tersiêre vlak (3)

[30]

VRAAG 3

3.1
3.1.1 Akuut
3.1.2 Chronies
3.1.3 Chronies
3.1.4 Chronies
3.1.5 Akuut
3.1.6 Akuut
3.1.7 Akuut
3.1.8 Chronies
3.1.9 Chronies
3.1.10 Akuut

(10 × 1) (10)

3.2

Akute siekte	Chroniese siekte
• Begin skielik	• Ontwikkel stadig
• Simptome van korte duur	• Duur lank om te bestuur
• Kostedoeltreffend om te bestuur	• Duur om te bestuur
• Baie gevaarlik	• Vereis spesialiste

(Enige 3 + enige 3) (6)

3.3
- Beleidsontwikkeling
- Insameling en verspreiding van bewyse vir beleide, strategieë en handelinge rakende openbare gesondheid
- Voorkoming en siektebeheer
- Intersektorale optrede vir beter gesondheid
- Mensehulpbronontwikkeling en kapasiteitsbou vir openbare gesondheid (5)

3.4 Die MOD's is buitelyne van omvattende en ambisieuse doelstellings sommige van die wêreld se uitdagendste ontwikkelingsvraagstukke te hanteer. (3)

3.5
- Uitwissing van uiterste armoede en honger
- Bereiking van universele primêre onderwys
- Bevordering van geslagsgelykheid en bemagtiging van vroue
- Verlaging van kindersterftesyfer
- Verbetering van moeders se gesondheid
- Bestryding van MIV/VIGS, malaria en ander siektes (6)

[30]

VRAAG 4

4.1

4.1.1	C
4.1.2	A
4.1.3	D
4.1.4	F
4.1.5	I
4.1.6	J
4.1.7	B
4.1.8	E
4.1.9	L
4.1.10	G

(10 × 1) (10)

4.2 4.2.1 ’n Infeksie is die binnedringing van liggaamsweefsel deur siekteveroorsakende mikroörganismes, hul vermenigvuldiging en die reaksie van gasheerweefsels op die infektiewe agente en die toksiene wat hulle produseer. ’n Infektiewe siekte, ook bekend as ’n oordraagbare siekte, is siekte wat uit ’n infeksie voortspruit. (2)

4.2.2 Scenario 1 (Billy)onregstreekse kontak is die transmissie van die infeksie via voorwerpe (muskiete). (3)

4.2.3
- Akute aanval van periodieke koors met koue rillings
- Styfheid
- Sweet
- Vergrote milt (splenomegalie)
- Hemolitiese anemie/bloedarmoede
- Geelsug (Enige 3 × 1) (3)

4.2.4
- Veroorsakende agent: parasiet
- Reservoir: muskiet
- Gasheer: mens
- Ingangspoort: vel
- Transmissiemodus: vektor
- Uitgangspoort: vel (6 × 2) (12)

[30]

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- Hartsiekte
- Hipertensie
- Beroerte
- Diabetes (Enige 2 × 1) (2)

5.1.2 Obesiteit is ’n toestand wat gekenmerk word deur die opbou oortollige liggaamsvetnegatiewe uitwerking op jou gesondheid kan hê. (3)

5.1.3 Die LMI word gebruik om ’n persoon se gewig aan te dui. Dit meet ’n mens se lengte en gewig, en dui aan of jy ondergewig/normale gewig/oorgewig/vetsugtig is. (2)

5.1.4
- LMI bo 30 kg/m²
- Snork tydens slaap
- Slaapprobleme
- Kortasemigheid wanneer iemand stap of trappe klim
- Onvermoë om skielike fisieke aktiwiteit te hanteer
- Konstante moegheid
- Gewrigs- of rugpyn (Enige 6 × 1) (6)

5.1.5
- Swak voedselkeuses
- Gebrek aan fisieke aktiwiteit
- Hoë suikerinname
- Genetika (Enige 3 × 1) (3)

5.1.6
- Vind die oorsaak van obesiteit deur die oorsaak van gewigstoename en struikelblokke tot gewigsverlies te identifiseer en dit te hanteer.
- Obesiteit kan die gevolg wees van ooreet of gebrek aan oefening of weens voorgeskrewe behandelings soos hormoonvervanging.
- Die belangrikste ding is dat die vetsugtige individu die voordele van gewigsverlies moet erken en gereed moet wees om te verander.
- Mense moet daarvan bewus wees dat obesiteit ’n chroniese toestand is, wat beteken dat die verloop stadig is.
- Die doel behoort te wees om te bereik wat bereikbaar is, en dit in stand te hou – om nie onrealisties te wees nie. (Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

5.2 **Diabetes tipe 1:**

- Dit word normaalweg in die kinderjare gediagnoseer.
- Die liggaam vervaardig min of geen insulien nie.
- Die persoon moet insulieninspuitings gebruik om te oorleef.
- Die toestand kan oorgeërf word of word dikwels veroorsaak deur ’n virus/outo-immuunsiekte.
- Dit is ’n chroniese siekte.

Diabetes tipe 2:

- Dit word gewoonlik in volwassenheid gediagnoseer, dikwels bo die ouderdom van 40.
- Dit word geassosieer met mense wat oorgewig is en nie baie oefening kry nie.
- Die persoon hoef nie noodwendig insulien te gebruik om die siekte te bestuur nie – mondelinge medikasie kan ook diabetes behandel.
- Dit is ’n chroniese siekte.

Gestasiediabetes/swangerskapdiabetes

- Hoë bloedglukose ontwikkel gedurende swangerskap in vroue wat nie diabetes het nie.
- Hulle ontwikkel dikwels later in hul lewe tipe 2 diabetes en kardiovaskulêre siekte.
- Swak diabetesbestuur in die laaste drie maande van swangerskap kan abnormaal groot babas veroorsaak, wat tot probleme vir die baba en moeder by geboorte kan lei. (Enige 3 × 3) (9)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou